ADSPIRAT FORTUNA LABORI

# Hillcrest High School

## Graad 9

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal V2

## Junie 2018

## Eksamen

PUNTE: 90

Tyd: 1 ½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: KORTVERHALE | (50) |
| AFDELING B: GEDIGTE | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

STERKTE!!!

## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: BLIND DATE

> Esmarie kan haar lag nie hou nie. Sy druk die selfoon weg. " Ek het al tagtig keer sy boodskap gelees. Grys is naby aan blond," lag sy. " En dalk het hy per ongeluk verkeerd getik. Die een moes seker na die vyf kom."
>
> Nelda gluur haar aan. " Dalk is dit nie hy nie. Dalk sit hy net toevallig daar by die tafel in die hoek."

**1.1 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n " Blind date" is.** **(2)**

**1.2 Wie is die "hy" van wie hulle in die teks praat?** **(1)**

**1.3 Vul die onbrekende woorde in: Skryf net die nommer en antwoord neer .**

**Op Mxit het die seun gesê hy is a)______ jaar oud en dat hy b)_____ hare en c) _____ oë het.** **(3)**

**1.4 Op watter plek speel die verhaal af?** **(1)**

**1.5 Stem jy saam met die volgende stelling? Ja of Nee? Motiveer jou antwoord.**

*" Die seun moes 'n blou blom op die tafel sit."* **(2)**

**1.6 Waarheen sou Nelda die seun neem as hulle van mekaar hou?** **(1)**

**1.7 Op watter sosiale media het Nelda hierdie "seun" ontmoet?** **(1)**

> Esmarie glimlag. " Ek het 'n plan."
> "O jinne laas toe jy 'n plan gehad het, het die hoof ons vir 'n maand detensie gegee."
>
> Esmarie gryp Nelda aan die arm. "Ek sê jou, jy gaan nooit weer van oom Marnus hoor nie."

1.8 Wat het gebeur toe Esmarie laas 'n plan gehad het?

Haal DRIE AGTEREENVOLGENDE woorde aan as antwoord. (1)

1.9.1 Watter soort taal word in die verhaal gebruik? (1)

1.9.2 Dink jy hierdie soort taal pas in die storie? Ja of Nee? (1)

1.9.3 Verduidelik hoekom jy so sê. (1)

1.10 Wie, het Esmarie gesê, is " Nelda" en hoe oud het sy gesê is "Nelda" ? (2)

Marnus se glimlag verdwyn. Dis nou sy beurt om te lyk of hy 'n spook gesien het. " Uhm...wel.." Hy krap sy kop ongemaklik. " Ek moet ongelukkig gaan. Sê tog vir jou ma dit was alles 'n misverstand."
Toe hy omtrent by Milky Lane uithardloop, lag Esmarie so hard dat sy aan 'n stoel moet vashou om nie te val nie.

1.11 Beskryf Marnus soos hoe hy in werklikheid lyk. (2)

1.12 Watter soort mens is Marnus? (1)

1.13 Die volgende stelling is ONWAAR. Motiveer jou antwoord. (1)

*Marnus is gelukkig dat "Nelda" ouer is.*

1.14 Watter belangrike les dink jy het Nelda geleer? (2)

1.15 Gee twee redes waarom ons kan sê Esmarie is 'n goeie vriendin vir Nelda?

(2)

[25]

**VRAAG 2: ALTYD VIERDE**

Alvin maak of hy hom nie hoor nie. Hy vat sy tyd om die laaste draai van die baan. Die laaste paar treë tot by die wenstreep draf hy ekstra stadig. Dis tog net 'n oefening. Wat maak dit nou saak hoe vining hy die laaste paar meter hardloop en hoe groot hy sy treë rek?

" Wat is dit met jou?" vra meneer Hendricks en hou die handdoek na hom uit. " Ek ken jou nie so nie.

**2.1 Wie is meneer Hendricks?** (1)

**2.2 Aan watter tipe sport neem Alvin deel?** (1)

**2.3 Watter belangrike raad het meneer Hendricks vir Alvin gegee?** (1)

**2.4 Noem die name van die drie seuns wat altyd vir Alvin wen.** (3)

**2.5 Stem jy saam met die stelling? Ja of Nee? Motiveer jou antwoord.** (2)

" Meneer Hendricks en Alvin ken mekaar al van graad 11 af."

**2.6 Skryf die volgende gebeure in die verhaal in die regte volgorde.** (4)

- **Meneer Hendricks skryf Alvin se tye in die oefenboek.**
- **Alvin wen die Wes-Kaap-kampioenskappe.**
- **Alvin se ma staan op van die kombuistafel en tel haar bord op.**
- **Voor skool oefen Alvin sonder meneer Hendricks se hulp.**

**2.7 Hoekom voel Alvin so negatief oor atletiek?** (1)

**2.8 Noem die naam van die skool wat Alvin bygewoon het.** (1)

**2.9 Wat moet deel van Alvin se dieët wees ? Noem TWEE dinge.** (2)

**2.10 Noem TWEE van die oefeninge wat Alvin moes doen.** (2)

**2.11 Die volgende stelling is ONWAAR. Motiveer jou antwoord.** (1)

" Alvin neem deel aan die 600 meter naellope."

2.12 Watter skokkende ding het Alvin op die dag van die wedloop agtergekom? (1)

2.13 Wie het die situasie vir Alvin gered? En hoe? (2)


2.14 Waar vind die Wes-Kaap-kampioenskappe plaas? (1)

2.15 Wat het Alvin daardie dag gehelp om die wedloop te wen? (1)

2.16 Hoe weet ons dat Alvin daardie dag van die kompetisie gefokus was? (1)

[25]

<u>**TOTAAL AFDELING A: 50 punte**</u>





**AFDELING B: GEDIGTE**

**VRAAG 1: VYFTIEN**

Vyftien (Anoniem)

Toe ek vyf was, het ek altyd gedink
nog tien jaar en ek is
vyftien
Die perfekte tyd
om met seuns uit te gaan
Die perfekte tyd
om my te grimeer
Die perfekte tyd
wanneer jy laat kan uitbly
Die perfekte tyd
wanneer jy kan soen – behoorlik!
en kan vloek!
Die groot avontuur!
Maar nou dat ek vyftien is
wens ek dat ek weer vyf is

Daardie onskuldige tyd
toe seuns nie jou hart gebreek het nie
Daardie onskuldige tyd
sonder puisies en aknee
Daardie onskuldige tyd
toe jy nie uitgetrap is omdat jy laat is nie
Daardie onskuldige tyd
toe jy nog nie oorlaai was met werk nie
Daardie onskuldige tyd
toe niemand jou geterg het oor jou manier van soen nie
Ek wonder ... hoe voel dit om een en twintig te wees ...?

**1.1 Hoe oud was die spreker toe sy wens sy kon vyftien jaar oud wees? Haal VIER opeenvolgende woorde aan as antwoord.** **(1)**

**1.2 Watter DRIE opeenvolgende woorde beskryf hoe die spreker haar tyd as klein kindjie beskryf het?** **(1)**

**1.3 Noem TWEE dinge wat die spreker wou doen wanneer sy vyftien is.** **(2)**

1.4 Na watter verkeerde ding het die spreker uitgesien? Haal EEN woord aan as antwoord. (1)

1.5 Pas kolom A by Kolom B. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Wanneer jy laat kon uitbly. 2 | A | Toe niemand jou geterg het oor jou manier van soen nie. 3 |
| 1.5.2 | Om met seuns uit te gaan. 1 | B | Toe jy nie uitgetrap is omdat jy laat is nie. 2 |
| 1.5.3 | Wanneer jy behoorlik kon soen. 3 | C | Toe seuns nie jou hart gebreek het nie. 1 |

(3)

1.6 " Toe jy nie uitgetrap is omdat jy laat is nie."

1.6.1 Wie dink jy het met die meisie geraas as sy laat uitgebly het? (1)

1.7 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal 'n versreël uit strofe 2 aan om dit te bewys. (1)

" Die meisie kry baie min skoolwerk."

1.8 Stem jy saam met die volgende stelling? Ja of Nee? Motiveer jou antwoord deur uit die gedig aan te haal. (2)

Die meisie het geen "liggaamlike probleme" gehad nie.

1.9 Waaroor word die spreker geterg? (1)

1.10 Die spreker is bietjie teleurgesteld noudat sy vyftien is.

Haal twee redes aan om hierdie stelling te bewys. (2)

1.11 Waarna sien die spreker nou uit, noudat sy vyftien is? Haal een versreël aan as jou antwoord. (1)


1.12 Hoe het die spreker "vyftien" beskryf? (1)

1.13 Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig? (1)

1.14 Dink jy die spreker sal tevrede wees as sy een en twintig is? Ja of Nee?

Motiveer jou antwoord. (2)

[20]







**VRAAG 2: HARTBREEK**

hartbreek

Susan Smith

net voor eerste pouse het ek jou
wintervaal kuif die eerste keer
agter in die ry gewaar

teen tweede pouse
het my hart finaal
in jou klippiebruinoë verdwaal

maar huistoetyd se klok
het my sonderasemstil geskok
toe ek van 'n ander planeet af sien
hoe jou hand soos 'n amperfluister
om haar pinkie vou

**2.1 Wanneer het die spreker die seun vir die eerste keer raakgesien? (1)**

**2.2 Die volgende stelling is ONWAAR. Motiveer jou antwoord deur twee woorde uit die gedig aan te haal. (1)**

" Die meisie het die seun se oë eerste raakgesien."

**2.3 Waar was die seun toe sy hom die eerste keer gesien het? (1)**

**2.4 Wanneer het die meisie besef dat sy verlief op die seun is? (1)**

**2.5 Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig? (1)**

**2.6 Beskryf die kleur van die seun se oë deur een woord uit die gedig aan te haal. (1)**

**2.7 Stem jy saam met die volgende stelling? Ja of Nee? Motiveer jou antwoord deur aan te haal. (2)**

" Die seun is verlief op 'n ander meisie."

**2.8 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 2 aan. (1)**

**2.9 Haal een woord aan wat die wending in die gedig bring. (1)**

**2.10 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 3 aan. (1)**

**2.11 Skryf 'n voorbeeld van personifikasie in strofe 2 neer. (1)**

**2.12 Verduidelik wat "sonderasemstil geskok" beteken. (2)**

**2.13 Verduidelik in jou eie woorde wat "amperfluister" beteken. (2)**

**2.14 Hoekom was die spreker in strofe 3 so geskok? (2)**

**2.15** " toe ek van 'n ander planeet af sien" **Beteken:**

**Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer. (1)**

**A) Sy het op 'n ruimeskip na die maan gevaar.**
**B) Sy dink die seun is van 'n ander planet.**
**C) Wat sy sien, is vir haar so onwerklik dat dit voel asof sy op 'n ander planeet is.**